

12 November 2015

## **Verklaring deur die Rektor se Bestuurspan oor die Taalbeleid en die implementering van taal by die instelling**

Die Rektor se Bestuurspan (RBS) was die afgelope paar maande in gesprekke met verskeie studentegroepe oor, onder meer, die Universiteit Stellenbosch se Taalbeleid, die Taalplan en taalimplementering. Op grond van die terugvoer oor ervarings binne die klaskamer en insette van Open Stellenbosch, die Studenteraad (SR), SASCO en die Studenteparlement, het taaltaakspanne sedertdien verskeie opsies oorweeg vir, onder meer, beste praktyk in die implementering van taal in 2016. Die volgende beginsels, as vertrekpunte rakende die Taalbeleid en taalimplementering, word ondersteun deur die Rektor se Bestuurspan. In hierdie verband wil ons graag erkenning gee aan die beduidende bydrae wat die Open Stellenbosch-kollektief in die onlangse gesprekke gemaak het om te verseker dat taalimplementering aan die US nie 'n struikelblok vir toegang tot onderriggeleenthede of die suksesvolle voltooiing van akademiese programme word nie.

By die Universiteit Stellenbosch is ons van voorneme om taal op so 'n manier te gebruik dat dit daarop gerig is om met kennis om te gaan in 'n diverse samelewing en om gelyke toegang tot leer- en onderriggeleenthede vir alle studente te verseker

Aangesien Engels die *omgangstaal*<sup>1</sup> in Suid-Afrika is, sal alle onderrig by die Universiteit Stellenbosch in Engels gefasiliteer word, en beduidende akademiese ondersteuning sal in ander Suid-Afrikaanse tale voorsien word volgens studente se behoeftes. Terselfdertyd, deur middel van sy Taalbeleid en Taalplan, verbind die Universiteit hom daartoe om ruimtes te skep waarbinne Engels, Afrikaans en isiXhosa, asook ander tale, kan floreer. Die Universiteit bly in die besonder verbind tot die verdere ontwikkeling van Afrikaans en isiXhosa as akademiese tale.

Vir modules met 'n groot aantal inskrywings, wat verdeel word vir pedagogiese redes of weens die beperkte grootte van beskikbare lesinglokalte, sal die Universiteit voortgaan om parallelmedium-onderrig uit te brei. In kleiner klasgroepe sal alle inligting in Engels oorgedra word. Addisionele ondersteuning in Afrikaans en isiXhosa sal voorsien word gedurende die lesing en/of aanvullende, gefasiliteerde leergeleenthede om studente te help om die akademiese materiaal te verstaan. Dit sal afhang van vermoëns van die dosente en onderrigassistente. Dosente sal voortgaan om in beide Afrikaans en Engels onderrigmateriaal te verskaf en assessering te fasiliteer. Soos tans die geval is, kan studente toetse, eksamens en opdragte in Engels of Afrikaans voltooi.

In koshuise en ander leefomgewings behoort studente Engels as omgangstaal in huisvergaderings en ander amptelike funksies gebruik. Ander tale kan ook bykomend gebruik word, en meganismes soos tolking kan ook ingespan word.

Die primêre taal van kommunikasie en administrasie van die Universiteit Stellenbosch sal Engels wees, met Afrikaans en isiXhosa as addisionele tale. Die addisionele tale mag nie gebruik word om enigeen uit te sluit van volle deelname aan Universiteitsaktiwiteite nie. Dit impliseer dat alle kommunikasie by die Universiteit Stellenbosch minstens in Engels sal wees, insluitend vergaderings, amptelike dokumente, en dienste by ontvangstoombanke en die kliëntedienssentrum, ens.

---

<sup>1</sup> 'n Taal wat as 'n omgangstaal gebruik word tussen sprekers wie se huistaal verskil.

Die Rektor se Bestuurspan sal bogenoemde beginsels as vertrekpunte aan die Raad voorlê by sy vergadering op 30 November 2015. Hierdie beginsels, as vertrekpunte, sal met die Senaat, die breër studente- en personeelgemeenskappe van die universiteit, sowel as ander belangeroepe van die US gekommunikeer en gekonsulteer word. 'n Hersiene Taalbeleid en Taalplan, gebaseer op die vertrekpunte wat in hierdie dokument vervat is, sal taaldiversiteit daadwerklik deel maak van die Universiteit Stellenbosch se wese en toegang vir personeel en studente verseker. Intussen sal hierdie dokument se vertrekpunte vanaf Januarie 2016 toegepas word. In gevalle van nie-nakoming moet studente en personeel klagtes kan lê sonder vrees vir viktimisasie.